1 PETRUS 2:11-17 NGK MIEDERPARK 17/1/10
TEMA: HOU DIE WêRELD IN DIE OOG. Ds Okkie Cilliers

In die taal van die kerk word die woord "wêreld" baie gebruik en in die sin dat dit God en Sy dinge teenoor die dinge van Satan laat staan. Lg. word die 'wêreld' genoem. Maar wat is die wêreld? Dis die plek waar die Satan heers. Hy is die staatspresident van die dinge wat ons hier rondom ons sien. En dis nie baie moeilik om dit te bewys nie - kyk net rond. Die duiwel heers HIER!! Geweld is aan die orde van die dag en almal steel geld; mense skree "hiep-hiep-hoera-kom-ons-verwoes-mekaar." In die meeste huwelike gaan niks aan nie en elders is almal is vir almal kwaad. Die wêreld is die plek waar kerkmense se kinders alleen groot word en geoffer word vir ouers se geldgierige vraatsug. In die wêreld staan kerk en wêreld lynreg teenoor mekaar en dis onmoontlik om dié twee te versoen.

Die wêreld is 'n plek waar mense verwoes en gestroop word van hul menswees. Mense word uitgebuit omdat daar mense is wat arm is en uit desperaatheid sal hulle vir enigiets werk. Hier draai dinge rondom geld: vir goeie opleiding en kwalifikasies word berge versit want dit beteken meer geld wat ander deure sal oopmaak. En bewaar die een wat wat in my pad kom as ek die wêreld in die oog het waar ek myself moet bewys. Dis die plek waar ek sterk moet wees en geen spanning mag my onderkry nie en my produksie moet hoër wees as my voorganger s'n. Sommige maak baie geld,terwyl ander kla met die witbrood onder die arm en 'n groot groep het niks het. Nog ander wil nie werk nie en eis meer geld, sommiges gaan dood van die honger en moet wrede dinge doen om honger stil te maak en aan die lewe te bly terwyl die met vol mae anderkant toe kyk.

- Die wêreld is 'n aaklige plek. Die impak wat dit op gesinne het is enorm!

Omdat ons so deel geraak het van die sisteem, pla dit ons nie regtig nie en dis vir ons gesinne maklik om daarmee saam te leef. Baie keer belieg ons onsself so goed dat ons dit later glo dat ons nie van die wêreld los kan kom nie. Ons sloof ons af om iets in die wêreld te bereik - net om eendag terug te kyk en te wonder of dit die moeite werd is? Ons het 'n magdom redes oor hoekom ons tyd, geld en energie moet ingaan in dinge wat in die Here se oë nie veel punte tel nie. O ja, ons moet werk om te kan eet en 'n dak oor jou kop te hê en sonder opleiding gaan jy nêrens kom nie. Maar ons raak so besig met al die goed dat ons vasgroei aan dinge wat God **die wêreld** noem. En somtyds, veral as die lewe jou ruk, wonder jy waarheen is dinge op pad? Dan wil jy uitklim en stadiger leef maar jy kan nie en jy bly maar deel van die hap en hol van die lewe.

- Die impak wat dit op gesinne het is enorm!

Vir die wêreld moet jy ligloop, want dit verwoes jou (vers 11b). Jy kan nie blootgestel word aan die wêreld, rustig saamleef en dink jy gaan heel anderkant uitkom nie. Dit breek jou stukkie vir stukkie op en elke keer waar met die wêreld gespeel word, gaan 'n stuk van jou dood sonder dat jy dit agterkom. As daar rusie in die huis is, is 'n tree nader aan die vernietiging van jou kind se persoonlikheid want hy leer verkeerd. Elke keer as jy iets doen wat nie van God af kom nie, bring dit jou nader aan die afgrond waarin jy gaan afval. As 'n ding van die wéreld eers gedoen word, is dit vir jou lekker. Dan word dit makliker, die houvas van die wêreld word groter en jy raak afgestomp vir God.

- Die impak wat dit op gesinne het is enorm!

Die wêreld verwoes jou lewe. Die bewys daarvan is die baie stukkende mense wat rondloop. Die flenters het nie oornag gekom nie, maar geleidelik is met die wêreld gespeel – en toe breek dit jou! Dan vreet berou en skuldgevoelens mense op en met groot spyt kerm hulle dit uit: "As ek dit tog maar net nie gedoen het nie!" Spyt kom te laat. Huwelike breek so op, gesinne spat uitmekaar en mense kan mekaar nie in die oë kyk nie. Meestal is dit die onskuldiges wiese lewens in hierdie wêreld verwoes word en die skuldiges stap skotvry uit. In die wêreld suig die duiwel jou soos 'n lemoen uit. As jy pap en nutteloos is gooi hy jou eenkant neer en is dit verby! Dan kan sommiges nie meer nie en klim uit, of hulle word stil, of hulle vergryp hulle... Die wêreld is nie jou speelplek nie.
Daarom dat daar in vers 11 staan dat jy nie hier hoort nie. jy is 'n vreemdeling en 'n bywoner. Jy bly net 'n rukkie hier en jy hoef nie alles op die altaar daarvoor te plaas nie. Jy kan nie as vreemdeling vriende met die wêreld wees nie. Want hulle is besig met hul eie goed waarmee jy niks te doen mag hê nie. Dis 2 wêrelde wat onversoenbaar is.

Maar wat nou gedoen as jy (en jou gesin saam met jou?) deel van die wêreld geraak het? Hoe nou as jy een van diegene is wiese wortels vas gegroei het aan dit wat nie mag nie? Want dit gebeur so maklik. Eers is dit onskuldig. later moet jy lieg om dit weg te steek, later leef jy 'n dubbele lewe, nog later bars die bom en dinge kom uit. Sommige is skaam daaroor en ander gee nie 'n snars om nie en leef openlik met die wêreld saam. En kinders leer dit maklik by hul ouers aan! Dit breek mense en kom baie moeilik reg. Die oplossing is eenvoudig: *breek voor God met die dinge van die wêreld.* Vers 11 is duidelik!

Want God het jou geroep om VRY te wees (vers 16). Maar jy moet baie goed verstaan wat vryheid is. Die antwoord lê in 1 Pet 1:18. Dis beslis nie om goeie voornemens te leef dat jy en jou gesin se lewe van nou af “reg” gaan wees nie! Want wat is “reg?” en goeie voornemens het nog nooit ver gekom in die stryd teen die wêreld nie. **Vryheid is nie om te doen wat jy wil nie maar om aan God gebind te wees** (vers 16). Dis om nie te doen wat jy wil nie maar om 'n lewe te leef wat nie meer jou eie is nie – *dis die enigste manier om van die wêreld ontslae te raak.* Dis heeltemal iets anders as die wêreld se siening van vryheid. Daar kan jy maak wat jy wil, hier is jy gebonde aan God. Dis om met die leë dop van die wêreld te staan en Jesus te vra om jou vry te maak van goed wat jou en jou gesin doodmaak, *en teen wil en dank te doen wat God jou vra om te doen*. Dit gebeur nie vanself nie: **jy kies vryheid in die wêreld of jy kies gebondenheid aan God**. As jy nie doelbewus God kies nie, kies jy outomaties die wêreld. En vandag is die tyd om die keuse te bevestig - Jes 30:18 sê immers dat die Here gretig is om jou genadig te wees. Stap nou na Hom toe en weet dat Hy jou baie liefhet en behoefte daaraan het om jou te help. Bo-oor sy kruis staan nie geskryf: "bly weg" of "skuldig" nie, maar "GENADE". Genade beteken dat ek gesondig het, skuldig is en baie ver van volmaak is; dat ek en my gesin regtig genade nodig het. As jy hoor hoe God jou uitnooi en jy antwoord daarop kom jy van die wêreld los: "Kom gou, kom kry genade en word vry. Ek is haastig om dit vir jou te gee. Dit wat jy hier kry is anders as wat jy het en jou moeg voor maak."

Die wêreld waaraan jy vasgeketting is kan enigiets wees. Geld, spanning in die huis; emosionele krisis, ouderdom, 'n slegte gewoonte of gedagtes wat jou onderkry, jou mond wat te groot is, ou kettings wat jou gesin vir jare al vasbind... Hy is haastig om jou

hiervan vry te maak. As jy uit jou wêreld klim met sy baie dinge en oorloop na die wêreld van die Here Jesus, werk God in jou wêreld. Jou ou wêreld gaan nie sommer sigbaar verander nie, maar die vrede en vryheid van God kom oor die dinge en die Here laat jou met ander oë na die wêreld kyk. Jy kan 100% in God se wêreld leef omdat sy vergifnis en vryheid 100% is. Dit maak nie saak hoe die wêreld is waarin jy nou leef nie: klim uit!

Maar daar is ’n ander kant van die storie: in Jesus se verlossing mag jy vry van die ou wêreld wees, maar nou word jy 'n slaaf van God se wêreld. Dan word jy 'n bywoner op hierdie plek wat "wêreld" genoem word. En dis nie 'n maklike taak nie, maar jy moet dit leef en die plek om te begin is jou gesin. Die Bybel noem dit getuienis en dit trek mense oor na ‘n nuwe wêreld. Daar is baie rondom ons wat papgedruk is en nutteloos gemaak word deur die prins van die hel. Vir hulle het Jesus 'n passie - en dis ons opdrag om by hulle uit te kom (vers 12). En die opdrag is spesifiek dat ons ons goed moet gedra onder die heidene sodat hulle kan sien daar is 'n oplossing vir die wêreld waarin hulle leef.

Want niks praat in hierdie wêreld so hard as jou dade nie. Dis hier waar so baie skade gedoen word. Mense sê dat hulle uit die wêreld gekom het, maar doen dieselfde dinge as die wêreld en die gevolg is dat mense die Christene nie meer ernstig opneem nie. Baie sê hulle "glo", maar leef nie soos vreemdelinge in hierdie wêreld nie. Inteendeel; hulle doen presies net soos die wêreld. Hulle gesinne en verhoudings lyk net so vrot soos die res s’n, hulle kuier net soos die wêreld, hulle is net so lui (in die kerk!)... en maak seer en breek af wat met groot moeite opgebou is in die Naam van die Here. Dan praat die wêreld kwaad van God en is dit moeilik om Jesus in sy wêreld in te bring. (Ek luister na 'n swart man wat bitter vertel dat die Christendom misluk het want dis veronderstel om liefde te gee. Terwyl hy praat wonder ek met watter Chrsitene hy te doen gekry het? Was dit die wat Jesus gevolg het, of die wêreldse een wat skade aandoen? Ek wonder ook as hy vandag met jou kennis sou gemaak het of hy goed van Jesus sou gepraat het of kwaad van jou?) Niks praat in hierdie wêreld sou hard soos jou dade nie!

Petrus noem 'n paar dinge wat gedoen kan word sodat jy jou goed onder die heidene moet gedra:
1. *Luister na gesag* (vers 13). Dis baie moeilik, want die gesag wat vandag bo ons gestel is, is nie die wat die Here erken nie en dis maklik om soos die wêreld te kere te gaan oor hulle.. Jou getuienis maak die verskil en sal SA red! Dit beteken nie dat 'n mens verkeerde dinge goedpraat en die oë toemaak vir geweld en bedrog nie, maar dat jy leef soos God van jou vra en nie boikot en vloek nie. (Onthou dat die regering van wie Petrus hier praat keiser Nero was - die gemene een wat die Christene wreed vervolg het en dieselfde Petrus onderstebo gekruisig het.)
Gesag loop ook deur na jou gesin toe. Hier lê jou getuienis of jy in God se wêreld of die ander een leef: het jy jou vrou lief soos God van jou vra sodat jou vrou jou kan gehoorsaam soos die Here van haar vra? Hoe werk jy met jou man? Wat leer jy jou kinders? Watter voorbeeld stel jy? Jy moet altyd vir die waarheid staan en so verkondig jy Sy standaarde en gesag oor die wêreld. Mag Hy jou die krag gee om so te leef.
2. *Jy mag nie kwaad praat nie* (vers 15). Dis die grootste euwel in God se wêreld: mense beskinder mekaar soos die wêreld met 'n onversadigbare ywer! Opvallend dat die saak

wat die meeste in die Bybel aangespreek word naas afgodery, die een van die tong is wat nie beheer kan word nie! Ons praat soos die wêreld tot satwordens toe!!
Die plek waar die wêreld se tong uitgesny word, is die gesin! Wat sê jy as jy kwaad word, hoe baklei julle voor die kinders, wat en hoe praat jy voor jou gesin oor ander mense...? Moenie ten alle koste reg wil wees en altyd jou mening wil laat geld nie. Die wêreld staan en luister na jou en hoor fyn hoe jy kritiseer, oor die gemeente praat, op jou vrou se swak plekke kan hammer, humeurig afpak op almal wat wil hoor... As jy kwaad praat, sal dit na jou toe terugkom en jy sal binne jou gesin oes wat jy saai.

3. *Respekteer alle mense* (vers 17). God sê ons moet mense sien soos Hy hulle sien. Ons stem teoreties saam, maar die haat word fyn verbloem deur 'n Christelike sousie bo-oor ons teorië van haat te gooi. Dis vir ons maklik om die wêreld se mense te haat, want hulle is mos van die wêreld en in die sonde... en die wêreld sien nie respek by Christene nie. ’n Opname het gewys dat hulle die kerk sien as mense wat teen alles is en oor mense kla.
Respek het ook weggeraak uit ons huisgesinne en hulle sê skreiende dinge as hulle ontsteld is, ignoreer mekaar, gooi mekaar weg... En dan wonder ons hoekom ons kinders groot word en sommige niks met die kerk te doen wil hê nie?! Hulle het die goed nie in hulle gesinne gesien werk nie en vertrou dit nie. Die omgekeerde is Goddank ook waar!

4. *Wees lief vir die mense wat saam met jou glo* (vers 17). Want as jy nie met jou broers en susters in die gemeente oor die weg kan kom nie, is jou stem na die wêreld daarbuite stom. Hulle steur hulle nie aan jou nie omdat jy nie ernstig is nie. Elkeen wat Jesus aanbid is jou broer en suster omdat dieselfde bloed in julle loop. Hoe durf jy hom nie liefhê nie, of hom los as jy sien hy kry swaar of doen iets verkeerd? (Ek knip geen oog van bekommernis as sulke liefdelose mense ons gemeente verlaat nie!) Die goed moet ook in jou gesin gebeur! As dit nie so is nie, moet jy dit vandag gaan regmaak: as jy te na gekom het moet jy vergifnis gaan vra; as die ander een seer gemaak het moet jy vergewe.

Ons is in hierdie wêreld maar nie van hierdie wêreld nie. Die wêreld maak homself wys hy is in beheer van alles. Maar dis soos 'n kar wat buite beheer geraak het en opgefrommel gaan raak in 'n botsing. Die tragedie is dat hy dit nie weet nie. Jy moet hom tot stilstand bring en die hoop van Jesus se liefde prakties aan hom bedien. Jy kan, jy moet – en die plek daarvoor is jou gesin! Ons kan nie nog langer wag dat daar iewers iets moet gebeur om die wêreld te ruk nie. Dit het reeds gebeur toe Joh 3:16 waar geword het. Nou vra God van jou om jou deel te doen. Inderdaad, die donkerte in die wêreld is te groot om dit sonder die lig van geloof, hoop en liefde buite te waag.
Robert Louis Stevenson het as seuntjie deur die venster na buite gestaan en kyk. Dit was reeds besig om skemer te word. Sy oppasser het hom geroep om te kom eet, maar die klein Robert het bly staan, betower deur dit wat hy gesien het 'n Man was besig om die outydse gaslampe in die straat een vir een aan te steek sodat dit lig kan maak. "Kyk" het die seuntjie geroep. "Kyk daar buite. Daar's 'n man besig om gate in die donker te maak!"
Met God se liefde maak ons gate in die donker. Begin jy net daar waar jy leef met die mense saam met jou. Mettertyd sal daar genoeg lig wees vir 'n nuwe dag.
Amen.